14 Junie 2020 Die Gees bepaal ons gedrag (Preek 2)

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Wat ‘n voorreg om deur die woord van die Here te lees en ook te lees oor die werke van die Gees van God en wanneer mens dit dan leer dan voel mens sommer baie opgewonde en vind vertroosting in die woord van die Here dat God ons nooit alleen sal laat nie.

Kom ons lees vanoggend nou saam uit die brief van Galasiërs:

**Galasiërs 5: 16-25**

| | |
|---|---|
| 16 | Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. |
| 17 | Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. |
| 18 | Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. |
| 19 | Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, |
| 20 | afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, |
| 21 | afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. |
| 22 | Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, |
| 23 | nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. |

| | |
|---|---|
| 24 | Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. |
| 25 | Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. |

Familie en Vriende in onse Here Jesus Christus:

Ons het verlede week gesien dat die Gees ons lewend maak, of anders gesê, dit wat Christus vir ons moontlik gemaak het (om ‘n nuwe mens te wees en te word), dit maak die Gees vir ons ‘n werklikheid. Sodat elkeen van ons elke dag kan leef soos wat die Here van ons verwag

- Maar hoe doen die Heilige Gees dit?
- Hoe gebeur dit?
- Hoe ontvang ons hierdie nuwe lewe?
- Hoe kry ons daaraan deel?

Familie en vriende Paulus sê in Galasiërs vir ons: ons kry daaraan deel as ons deur die Gees wandel. As ons toelaat dat die Gees ons gedrag bepaal. Dan, sê die Bybel, gaan daar vir ons nuwe lewensmoontlikhede oop.

Nou is dit verder so, Familie en Vriende, dat die Bybel verskillende uitdrukkinge gebruik om ‘n lewe waar die Gees ons gedrag bepaal, te beskryf: dit is ‘n lewe van oorgawe, toewyding, heiligmaking, vurig van Gees wees, vervul met die Gees wees, of om te wandel in die Gees.

Maak egter nie saak watter term ons gebruik nie, almal maak dieselfde punt: Dit wil sê dat die werk wat die gees doen — om ons Christene te maak, om ons ware gelukkige mense te maak — dit geskied nie sonder ons medewerking nie.

Met ander woorde, Familie en Vriende, en dit het ek verlede week gesê en wil ek dit vonoggend weer sê, die lewendmakende werk van die Gees gebeur nie, sonder ons medewete en samewerking nie. Inteendeel. Die lewendmakende werk van die Gees vra van ons deelname, ons bydrae, vra dat ons ook ons deel sal doen, vra ons volle samewerking. Ons moet bereid wees om te leer en die hande en voete van God wees hier op aarde!

Paulus sê dat ons bereidheid moet wees om die stryd van die Gees teen die vlees met volharding te stry.

**Wat is die stryd teen die vlees waarvan die Bybel hier praat?**

Volgens die Bybel is dit ‘n beskrywing van ‘n manier van leef. Ons moet lewe soos wat God vir ons bedoel het om te lewe.

Die vlees gryp na die onsekerhede van die wêreld en die sonde en is in baie opsigte ‘n manier van selfsug – dit gaan oor myself en niemand anders nie. My opinie. My manier van dink en my lewe…

Vlees is om te gryp na die gawes in plaas van die Gewer. Vlees is om jouself te soek en te dien in plaas van God die Skepper.

Om vleeslik te lewe, Familie en Vriende, het te make met ‘n sekere gesindheid teenoor God en jou naaste. Dit is om nie God se wil te erken nie, en daarom jou eie wil en idees het oor wat lekker en goed en voordelig en belangrik is.

Dit is ‘n lewe waar ons ons eie reëls en norme het, waar ons elkeen ons eie wet en eie baas is. Daarom, sê Galasiërs 5:19, lei ‘n lewe in die vlees tot ongebondenheid, dronkenskap en uitspattighede.

En wat ons naaste betref beteken ‘n lewe in die vlees dat ons altyd die middelpunt van alles wil wees, ons wil moet altyd geskied, en daarom lei dit tot vyandskap, haat, woede, rusies, afguns, verdeeldheid en skeuring, volgens Galasiërs 5:20-21.

Vleeslikheid, Familie en Vriende, is dus volgens die Bybel ons hele lewe sonder Christus. Juis daarom kon iemand soos Luther sê dat ons vlees so groot soos ons is.

- Die vlees is onsself, alles wat ons is.
- Dit is ons lewenstyl.
- Dit is die totale mens wat in die sonde geval het.

En wat die vlees bedink, sê die Bybel, is vyandskap teen God. En dit, sê die Bybel, is beteken die dood.

Juis daarom staan die Gees, Familie en Vriende, wat ons lewend wil maak, wat ons wil leer hoe om as ware kind van God te leef, teenoor die vlees. En daarom is daar altyd ‘n stryd in ons harte. In ons denke. In ons dade. In ons bedoelings. In onsself.

Daarom is daar altyd in ons ‘n stryd tussen die verkeerde gesindhede wat uit ons harte opkom, en die gesindheid wat die Gees vir ons wil gee.

Daarom, Familie en Vriende, soos die Gees almal van ons nuut maak en wil maak, so is hierdie stryd tussen vlees en Gees ook in almal van ons se lewens teenwoordig.

Dit is ‘n stryd in almal van ons wat as Christene (Kinders van God) wil leef. En dit is ‘n stryd wat nooit ophou nie. Die aard van die vlees is in stryd met die aard en die wil van die Gees. Daarom moet ons elke dag probeer om in die wil van God te lewe. Ons moet daarna strewe om te wandel saam met die GEES.

Want as een ding waar is, dan is dit dit: ‘n lewe van wandel in die Gees is nie iets wat ons volledig, eenmalig ontvang en daarmee klaar is nie. Dit kom met oefening. Dit kom met aanhou. Dit kom met voortdurende oefening, inoefening en beoefening.

So ook die lewe in die Gees. Ons moet daarom nie in die oggend bid: `Vervul my Gees, laat my in U wandel’ en dan verwag dat iets dramaties sommer net so in die dag sal gebeur, en dat alles net volgens die Gees sal wees nie. Nee, ons moet hierdie gebed bid, en dan van ons knieë af opstaan en gaan wandel in die Gees. Ons moet dit gaan doen.

Maar hoe, Familie en Vriende, weet ‘n mens hoe God wil hê ons moet lewe? Galasiërs 5:18 gee die antwoord: ons moet deur die Gees van God gelei word.

Wat moet gebeur, sê Paulus hier, is dat ons moet toelaat dat die Gees ons lei, ons gedrag bepaal.

Die Gees lei iemand deur in so iemand ‘n oortuigings en insigte te laat groei, ‘n nuwe gesindheid te kweek, die onderskeidingsvermoë te gee tussen reg en verkeerd, en ons so in staat te stel om onder alle omstandighede soos Christene te leef en te dink.

Waar die Gees ons verander, ons gemoed vernuwe, ons leer om sensitief vir sekere dinge te wees, ons dinge te laat begryp, estel ons instaat om te lewe soos wat God wil hê ons moet lewe.

Dit, Familie en Vriende, is waartoe ons bereid moet wees. Bereid moet wees om saam met,al die ander gelowiges rondom ons die evangelie, die inhoud van die Bybel, so deel te maak van ons lewens, dat wat in die Bybel geleer word tot diep oortuigings in ons harte groei. En dan so te lewe.

Want dit is wat dit beteken om deur die Gees te lewe, om die Gees toe te laat om ons gedrag te bepaal. Die Gees lei ons, saam met ander gelowiges, deur ons te oortuig. Deur ons by ‘n punt te bring waar ons vir God kies, omdat ons eintlik nie anders kan nie. Deur nuwe insigte aan ons te skenk.

- Nuwe maniere van dink aan ons te gee.
- Nuwe maniere om mense te sien en oor sake te praat,
- nuwe waardes, nuwe belange en
- nuwe prioriteite.

En hoe meer ons dit in ons lewens toelaat, Familie en Vriende, hoe meer ons oor Christus en die evangelie nadink, hoe meer ons volgens die riglyne van die Bybel leef en wil leef, hoe meer ons die riglyne in en waardes van die Bybel ons riglyne en ons waardes maak, hoe meer sal ons die leiding van die Gees in ons lewens ervaar en verstaan.

Met ander woorde: ons sal die leiding van die Gees leer ken deur dit te doen.

Ek wil afsluit: Luther het gesê om deur die Gees te wandel vra ons hele self, dit vra ons hele lewe. ‘n Lewe in die Gees gaan nie om maar net ‘n deeltjie van ons lewens, bloot net ons gedagtes, of ons godsdienstige lewe, of ons emosies of belewenisse alleen nie. Dit gaan oor my en jou HELE lewe.

Om te wandel in die Gees is nie om te begin leef in ‘n ander lewe nie, maar om in hierdie wêreld op ‘n ander manier te begin lewe. Amen

**Gebed**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.